Polisie, Tracker trek 2 kapers vas in minder as uur

Virginia Keppler

Het jy 'n nuuswenk? Stuur 'n SMS na 41915

Twee gewapende kapers wat 'n taxi in Soweto gekaap het, het hulle minder as 'n uur later in lede van die Lyttelton-polisie in Centurion vasgeloop.

Die kapers is gister omstreeks 06:00 ná 'n kort jaagtog in Nellmapiusrylaan in Centurion in hegtenis geneem.

Hulle het op die polisie geskiet voordat hulle stilgehou en probeer weghardloop het.

'n Derde kaper het weggekom.

Sers. Lynnette Erasmus, polisiewoordvoerder, het gesê die mans het vroeër die oggend 'n taxi in Soweto gestop.

"Die bestuurder het hulle opgelaai waarna die verdagtes 'n pistool uitgepluk en dit op hom gerig het. Hulle het hom 'n ent verder in die bosse afgelaai en toe in sy voertuig gevlug," het Erasmus gesê.

Die bestuurder het Tracker en die blitspatrollie se hulp ingeroep waarna lede van die blitspatrollie vasgestel het die taxi het op die N1-hoofweg in 'n noordelike rigting gery.

Die polisie en Tracker het die sein gevolg en die verdagtes het op die hoek van Nellmapius- en John Vorsterrylaan stilgehou.

"In daardie stadium het lede van die Lyttelton-polisie in Nellmapiusrylaan aangery gekom en die mans in hul rigting sien hardloop met polisielede agterna.

"Dié polisiebeamptes het die verdagtes met hul voertuig geblokkeer waarna die blitspatrollie en Tracker hulle ingehardloop het."

Die verdagtes, 'n 25-jarige man van Soshanguve, noord van Pretoria, en 'n 34-jarige man van Tembisa aan die Oos-Rand is aangekeer.

Die polisie het ook 'n vuurwapen gevind waarvan die reeksnommer afgevyl is.

Die twee sal binnekort op aanklagte van motorkaping, die besit van 'n onwettige vuurwapen en poging tot moord in die hof verskyn.